Vrydag 26 Maart

Skrifgedeelte: Levitikus 21:1-16 (1983-vertaling)	Fokusgedeelte: Levitikus 21:8b; Hebreërs 7:23-28 (1983-vertaling)

Streng priestervoorskrifte in Christus vervul

Die boek Levitikus, soos ons nou reeds weet, gee talle voorskrifte van God om sy volk te heilig. Hoe leef mense heilig? Deur presies te doen wat God voorskryf!

In Levitikus 21 word streng voorskrifte aan drie groepe priesters (Leviete) gegee: 1. Die gewone priesters (vs 1-9). 2. Die hoëpriester (vs 10-15). 3. Nakomelinge van Aäron met liggaamlike gestremdhede (vs 16-23). Die hele volk moet egter hierdie voorskrifte ken, verstaan en eerbiedig (vs 8,24).

Priesters was bemiddelaars vir sondaars by God. Gewone mense was besmet (onheilig) deur sonde, skuld en onreinheid. As sulks kon hulle nie self tot hulle God nader nie. Alleen ’n offer sonder gebrek, en ’n priester aan God gewy en geheilig, kon versoening bring.

Die hoëpriester moes aan nog meer en strenger voorskrifte voldoen. Op die Groot Versoendag moes hy vir die hele volk intree, nadat hy homself met God versoen het. Priesters wat ’n liggaamsgebrek gehad het, mog egter nie as bemiddelaars optree nie. Hoekom nie? Waarskynlik omdat die straf van God vir die sonde, van Adam en Eva, en daarna, aan hulle sigbaar was. Dit was onheiligend vir die Here. Alles sou genadevol verander met die koms en offer van Christus.

Ons lees in Hebreërs 7:23–28 dat Christus as beloofde en volmaakte Priester en Hoëpriester gekom het. Hy het vir eens en altyd almal wat in Hom glo, vir God geheilig. Al ons sondes, gebreke, skuld en strawwe is in sy soendood weggeneem. Met ons finale opstanding sal ons volmaak wees, soos Jesus. Intussen: Laat ons heilig leef, deur die Gees en Woord, want ons God is heilig.

Sing: Skrifberyming 1-3:1, 2

Dr. NP Heystek (Klasie) (Emeritus)